# Hulde aan die Koning Jesus Christus. Maandag 14 Des 2020

## Die engel Gabriël gestuur na die maagd Maria

**LEES** **Luk 1:26-38 (26)**

## Is jy tot beskikking van die Here?

Ses maande nadat Elisabet, Johannes die Doper se ma, swanger geword het, gebeur daar ’n wonderlike ding met Maria.
Dieselfde engel, **Gabriël** wat aan Sagaria, Johannes se pa verskyn het om Johannes se geboorte aan te kondig,, word nou weer deur God gebruik as sy boodskapper om aan Maria die tyding te bring dat sy swanger sal word. Die engel Gabriël is geen verlosser nie, maar net ’n boodskapper in God se diens. Met vreugde het die engele hulle werk gedoen as nederige boodskappers in God se diens.

Hier, nege maande voor die geboorte van Jesus Christus, besoek die engel **Gabriël** vir Maria.

- Maria, dieselfde naam as Miriam, die suster van Moses en Aäron.
- Die naam Maria beteken moontlik ook verhoging, ’n nederige dogter word die moeder van Jesus Christus.
- Maria is deur God gekies bo alle vroue om die moeder van ons Here Jesus Christus te wees, ’n besondere vrou.
- Ja besonders want sy word genoem begenadigde. (Luk 1:28)
- Maria was ook die dogter van ’n koninklike familie want sy het van Dawid afgestam want sy het onder die titel van die huis van Dawid gegaan.
- Tog was sy arm en nederig en nie van die welwarende stand nie.
- Belangrik dat sy ’n maagd was, rein voor God, want wat in haar verwek is, was deur die Heilige Gees en nie deur ’n man nie.
    - Die rede was dat alhoewel Jesus waarlik God was en bly en Hy gebore is uit ’n gewone vrou, het Hy nie die saad van die sonde van ’n man nodig gehad om Hom te verwek nie.
    - In **Jes 7:14** (OAV) lees ons alreeds die profetiese woorde, dat ’n maagd sou swanger word.
    - Maar Jesus moes binne die huwelik gebore word.
- **Josef** was aan Maria verloof.
    - Hy was ook uit die geslag van Dawid. Mat 1:20
    - Hy was ’n eerbare opregte man en diep gelowige.
    - Ook ‘n engel het aan Josef verskyn om te verklaar dat Maria swanger is, maar dat Josef met haar moet trou.
    - Josef kry ook die opdrag om die babetjie Jesus te noem..
- **Maria** het in Nasaret gebly, ’n stad in Galilea, ’n eensame deel van die land, wat nie bekend was vir sy gelowiges nie, inteendeel ons lees van Galilea die land van die heidene. Jes 8:23

Maria se reaksie op al hierdie gebeure was as volg**:** **Luk 1:38**

**“Maria sê toe: “Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het.”**

Geliefdes, die wonder van die geboorte van Jesus vind sy vervulling in Jesus se terugkeer na die hemele op die wolke waar Hy nou vir jou plek voorberei!

Maar die wonder van die geboorte van Jesus werk ook deur elke dag na ons toe.

- Jesus Christus, wat self God is en altyd sal wees, is as nederige mens gebore.
- Jesus Christus se geboorte het vir ons die ewige lewe beteken.
- Jesus Christus se geboorte plaas ’n apél op ons om ons om uit dankbaarheid ook onsself tot beskikking van God te stel.
- **Is jy tot beskikking van God?**

**Amen** (ds. Gerrit Kruger. 0829645595)